



Central University of
Technology, Free State

uit die pen van die visekanselier en Rektor

COMMUNIQUÉ AAN DIE SUT GEMEENSAP

OPVOLGSKRYWE: ONDERSTEUNING EN INLIGTING RAKENDE DIE 21-DAE INPERKINGSBEVEL

9 April 2020

2020 #10

Liewe SUT Gemeenskap

Die globale COVID-19 pandemie het nou bykans alle lande beïnvloed, met ongeveer 1.5 miljoen aangetekende infeksies. Na twee weke van die nasionale inperkingsbevel wat deur President Cyril Ramaphosa verklaar is, in 'n poging om ons plaaslike infeksiekurwe af te plat, het ons 'n nuwe fase betree wat dalk vir julle moeiliker sal wees om te bestuur. Na die aanvanklike skokreaksie het julle dalk in die slagyster van vertwyfeling getrap. Julle het dalk 'n weersin in gesagsfigure wat maatreëls ingestel het wat blyk te streng te wees, en verlang moontlik na die normaliteit wat ons slegs 'n paar weke gelede geniet het. As 'n veerkrachtige gemeenskap moet ons egter aanvaar wat gebeur het, die struikelblokke erken, en na die beste van ons vermoë aanpas by die lewe soos wat dit tans is, ten spyte van die omstandighede en die persoonlike uitdagings.

Aanvaar: Rus juisself toe met kennis om julle te help om te aanvaar wat gebeur het. Gebruik betroubare bronne om 'n begrip van wat COVID-19 is, hoe infeksie plaasvind, en wat die gevolge is, te verkry. Die SUT inligtingsentrum oor die koronavirus op ons webwerf sal vir julle voldoende, geverifieerde inligting gee: <https://www.cut.ac.za/coronavirus>. Beskerm asseblief juisself en ander teen vals nuus deur julle te weerhou van die verspreiding en/of inneming van ongestaafde gerugte.

Erken: Verandering is nooit maklik nie, en julle hoef nie voor te gee dat dit is nie. Om geïsoleer te wees en vir die eerste keer van die huis af te werk, is moeilik, en om met jou studies na aanlyn-leer te verskuif, is 'n uitdaging. Ons land se ekonomie en gesondheidssektor word onder druk geplaas. Individue sukkel finansiëel, sosiaal, fisies en sielkundig. Ons het volkome begrip daarvoor, en het empatie met die struikelblokke wat ons SUT gemeenskap en andere in die gesig staar. Deur die uitdagings te erken en duidelik te definieer, kan ons oplossings skep.

Pas aan: Wêreldwyd sal mense by 'n nuwe lewenstyl moet aanpas. Hoe daardie lewenstyl gaan lyk en wees, is onseker. Ons moet egter by die veranderinge wat tans vereis word, aanpas. As 'n instansie het ons reeds verskeie aanpassings met betrekking tot ons werksaamhede gekommunikeer, en wil julle graag aan sommige van hierdie herinner, en terselfdertyd uitbrei op aksies wat nie voorheen genoem is nie:

- ❖ Ons is tans besig met intensiewe beplanning om van 'n korttermyn noodreaksie na 'n langtermyn strategiese baan te verskuif. Alle SUT akademiese aktiwiteite en lesings word op 20 April 2020 hervat, ongeag van die wyse waarop dit hervat sal word. Toegang tot die gepaste tegnologie en die internet is 'n aansienlike uitdaging as gevolg van diepgewortelde ongelykhede tussen studente. Maatreëls vir nulkoers data op al ons BAs word tans geïmplementeer om toegang tot aanlyn-leer te verseker. Bykomend tot die bogenoemde is verskeie intervensies ook in plek gestel om ons akademiese personeel se vaardighede in aanlyn-onderrig, leerplatforms en aanlyn-kurrikula te verbeter. Ons studente moet ook binne en na die beste van hul vermoë vir aanlyn-aanbieding voorberei. Die Adjunkvisekanselier: Onderrig en Leer en die Registrateur sal op 15 April 2020 die maatreëls wat vanaf 20 April 2020 geïmplementeer sal word, aan alle studente en akademiese personeel kommunikeer.
- ❖ Beide ons inkomende en uitgaande internasionale studente is ook deur die wêreldwye COVID-19 regulasies geraak. Ons Internasionale Kantoor is in kontak met alle geaffekteerde studente, asook met die relevante plaaslike owerhede, om die beste handelswyse met betrekking tot elke student te bepaal. Dit gaan goed met ons uitgaande studente in Swede en Duitsland, en hulle gaan tans aanlyn met hul programme voort.

- ❖ 'n Bestuurspan sien tans om na die welstand en veiligheid van studente wat in die Graduandi Koshuis op die Bloemfontein kampus geakkommodeer word, in ooreenstemming met die riglyne van die nasionale inperkingsbevel.
- ❖ Die inperkingsbevel het ook 'n impak op werksgeïntegreerde leer (WIL) gehad. Die meeste studente is terug huis toe, maar sommige gaan voort met WIL-opleiding by werkgewers wat as noodsaaklike diensverskaffers beskou word. Die Sentrum vir WIL en Vaardigheidsontwikkeling is in kontak met werkgewers om die situasie te assesser, en om die beste pad vorentoe te bepaal, met alle relevante belanghebbendes se veiligheid as prioriteit. Menigte opsies rakende die voortsetting van WIL binne die konteks van die verskeie scenario's wat kan ontwikkel, word tans in samewerking met die fakulteite oorweeg en geïmplementeer. Ons vertrou dat ons kreatiewe oplossings sal vind wat tot die voordeel van alle betrokke partye sal strek – waar daar 'n "WIL" is, is daar 'n weg.

Julle emosionele en sielkundige welstand gedurende hierdie aanpassingsproses is vir ons van uiterste belang. Studente word aangeraai om ER24 by 084124, of die Welstandsentrum te skakel indien julle enige emosionele ondersteuning benodig. Raadpleeg asseblief die SUT StuComm Toepassing vir meer relevante inligting. Ons personeellede word herinner dat CareWays se dienste met betrekking tot verskeie welstandsverwante sake aan hulle en die afhanklikes in hul huishoudings gratis beskikbaar is. Kontak hulle by 0800 004 770, care@carewaysgroup.com, of stuur 'n SMS met jou naam na 31581. Verwys asseblief na vorige kommuniqués vir spesifieke welstandsverwante raad en riglyne. Ten einde met die ontwikkeling van 'n veerkragtige gemeenskap voort te gaan, wil ons graag die volgende beklemtoon:

- ❖ Kom asseblief alle regeringsregulasies na ten einde juisself te beskerm, en die fisiese, geestelike, sosiale en ekonomiese impak van die COVID-19 pandemie te minimaliseer. Bly tuis, bly veilig, en kom die maatreëls met betrekking tot sosiale afstandhandhawing en higiëne na.
- ❖ sien om na jul fisiese en geestelike welstand. Reik uit na vertroude familie en vriende, en vermy kontak met mense en platforms wat paniek en gerugte versprei.
- ❖ Wees goed vir juisself en goehartig teenoor andere.
- ❖ Hou jul daaglikse lewe gestruktureerd en doelgerig.

Ons salueer ook ons 155 noodsaaklike dienstewerkers en 'n paar nagraadse studente wat sedert die inperkingsbeveltydperk hard werk om te verseker dat die universiteit se noodsaaklike dienste, en ons navorsings- en innoveringsprogramme om die regering in die COVID-19 pandemie by te staan, voortgaan. Hulle is SUT se onbesonge helde! Ons wil graag ook hulde betoon aan die mans en vroue in die voorste geledere in die geveg teen hierdie epidemie op nasionale vlak. Hulle stel hulself aan risiko bloot om die gesondheid en veiligheid van ons burgers te verseker.

As 'n hoëronderwysinstelling sal ons voortgaan om ons vaardighede en kennis in te span ter ondersteuning van pogings om die COVID-19 pandemie te bestry. Van die werk wat ons gedoen het, is op nasionale televisie uitgesaai, en kan op ons amptelike platforms besigtig word. Bykomend tot ons onmiddellike reaksie, word die toekomstige vaardighede wat vereis word om ons studente vir môre en die toekoms toe te rus, ook voortdurend deur SUT opdateer en nagevors. Ons wil ook ons hartlike dank betuig aan ons regering, wat die vereiste stappe geneem het om ons almal te beskerm. Dankie ook vir al die finansiële, sosiale, fisiese en sielkundige ondersteuning van verskeie instansies en individue. Ons prys ook elke klein poging van elke individu wat daarna streef om 'n veiliger en gesonder omgewing vir almal te verseker.

Mag julle almal geseënd wees!

Prof. Henk de Jager

Visekanselier en Rektor

OPMERKSAME GEWOONTES	✓ Eet stadig	✓ Beoefen waardering	✓ Luister aandagtig
✓ Aanvaar emosies	✓ Wees ontvanklik	✓ Neem kennis van gedagtes	✓ Neem kennis van al 5 sintuie
✓ Wees nuuskierig	✓ Doen een ding op 'n slag	✓ Gee volle aandag	✓ Wees minder veroordelend
✓ Haal diep asem	✓ Beoefen kreatiwiteit	✓ Fokus op die hede	(Bron: @worrywellbeing)